
# 437 Staan op my siel en leef




Hy leef vir ewig daar vir my as Middelaar;
sy ryk versoenend liefde en sy bloed pleit daar;
sy bloed voldoen vir heel sy volk, en is gesprinkel voor die troon.

Vyf wonde moes Hy dra, ontvang op Golgota;
hul tree daarop met krag, wat meer kan ek dan vra?
Vergifnis, vry, skenk Hy deur sy, verdienste aan die kruis vir my.

Die Vader hoor Hom pleit, sy duur gesalfde Een;
en nooit sal Hy sy aangesig keer van sy Seun.
Sy Gees leer my: Hy spreek steeds van die bloed, en sê my ek is vry!

Die Heer het my versoen, sy Woord sê, Hy’t voldoen;
Hy eien my as sy kind en sal dit nooit verloën.
Ek ken Hom nou; as ek roep: “Abba, Vader,” antwoord Hy getrou.

Faux bourdon harmonisering J. Darwall (1731-89)